

van die kind deursuur. Die vader met sy roede vermag nie wat die moeder met haar tranes vermag nie.

Haar invloed is nie net van sy vroegste jeug af nie; nie alleen stil en sag nie, maar ook gedurende die *grootste deel* van sy kinderjare. Hy is in die huis en onder die invloed van sy moeder tot sy twaalfde of miskien sestiende jaar. Die kind is dan orals waar die moeder gaan. Hy is meer in haar skool as in die van die vader wat sy meeste tyd buitekant die huis deurbring. En ons weet dat die indrukke wat in die kinderjare ontvang word, die diepste gaan en die mees blywende is.

'n Engelse spreekwoord sê: „Die moeder bestier die staat.” So is dit. Soos die moeder is, so sal die kind wees; en soos die kind, so die man; en so die mans, so die staat en die volk.

Gods Woord leer ons dit. Jochebed, die vroom moeder van Moses, het hom van Israel se God vertel, voordat Farao hom met die god van die Egiptenaars bekend gemaak het. Samuel se moeder, Hanna, het hom vroeg na die tabernakel gebring en aan God ten offer gewy. Timotheüs het 'n grootmoeder, Loïs, en 'n moeder, Eunice, gehad wat hom tot die „ongeweinsde geloof in Jesus” gebring het (2 Tim. 1 : 5).

Ook die *geskiedenis* bevestig dit. Neem één voorbeeld. Augustinus was die grootste van ons Kerkvaders, en hy het 'n moeder, Monika, gehad wat 30 jaar lank om sy bekering gebid het, met 'n geseënde verhooring.

Ja, moontlik bevestig ons *eie ervaring* dit. Leser, u onthou seker nog daardie stille

traan uit die oog van u moeder. Dit was vir u gestort. U herinner u daardie eensame gesprek in die kamer wat u hart gebreek het, daardie ernstige gebed wat u tot oorgawe aan die Heer genoop het. Die wêreld het daar niks van gehoor en gepraat nie, maar die saad is gesaai, en u pluk die vrugte. Was dit nie vir u moeder nie, dan was u miskien vir maatskappy en Kerk verlore. Dank God vir u vroom moeder.

Ongelukkig moet ander weer sê: „As ek maar die slegte voorbeeld van my moeder nie gehad het nie, dan sou ek 'n beter man gewees het.”

Moeders wie se voorbeeld na die verderf lei, is daar ook. Dink aan die vrou van Lot, met haar twee diepgesonke dogters; aan Herodias wat haar dogter leer dans het en haar die hoof van Johannes die Doper laat begeer het. Die bloed en die siele van daardie dogters sal van die moeders geëis word.

Die invloed van die moeder is verbasend. Dit is opmerklik dat van die konings van Israel en Juda wat God gevrees het, meestal die name van die moeders by hulle s'n vermeld staan. Dit lyk of die Woord van God daardie konings se godsvrug toeskryf aan die godsvrug en die voorbeeld van hul moeders. Van Joahas lees ons: „De naam zijner moeder was Joaddan van Jeruzalem; en hij deed dat recht was in de ogen des Heren” (2 Kon. 14 : 2, 3).

Asaria het baie jonk koning geword. „Hij was 16 jaar oud, toen hij koning werd;.....

en de naam zijner moeder was Jecholia van Jeruzalem, en hij deed dat recht was in de ogen des Heren" (2 Kon. 15 : 2, 3).

Van Hiskia, die vroom koning, lees ons: „De naam zijner moeder was Abi, . . . en hij deed dat recht was in de ogen des Heren" (2 Kon. 18: 2, 3).

Uzzia was baie jonk toe hy koning geword het. „Zestien jaren was Uzzia oud, toen hij koning werd, . . . en de naam zijner moeder was Jecholia van Jeruzalem. En hij deed dat recht was in de ogen des Heren" (2 Kron. 26 : 3, 4).

Dit kan ook nie anders nie 'n Goeie boom dra goeie vrugte en 'n slegte boom slegtes. Dis 'n vreemde uitsondering, as die appel ver van die boom val. Die voorbeeld van die moeder word gevolg in alles, ten goede of ten kwade. Haar stempel word op haar kind afgedruk. Hy is heeltemal die moeder! Soos die moeder is, is haar dogter.

Kyk na die roekelose knaap wat met God en godsdien spot. Dis sy moeder! Kyk weer na die rein, werksame dogter van die huis. Dis die moeder! Kyk na die man wat 'n vloek is vir die maatskappy, en wat die Kerk van God ondermyn. Dis die moeder! Kyk weer na die man wat vir die heil van ander sy lewe gee, wie se woorde en daede vol van seën is. Dis sy moeder!

Moeder, wat dit lees, ons kan u nie met woorde sê wat u eintlik doen nie, as u u kind opvoed. Wat eenmaal die akker was, is nou die eikeboom. Die trotse boom was eenmaal 'n nietige saadjie. In die kind lê reeds die man.

As u u kind 'n slegte voorbeeld gee, dan gee u dit aan die toekomstige man. Gee u hom 'n goeie voorbeeld, sy toekoms is deur u gered. Verstaan dit tog: God gee die kind in u hande en daarmee sy hele toekoms, sy geluk, sy saligheid, sy hemel. Dit alles sal van u hand geëis word.

3. Raad aan Moeders. ¹⁾

LIEWE VRIENDIN,

U wil graag weet hoe om u kindjie juis vir God op te voed. Die gevolge wat op die spel staan, is ernstig, want wie kan die moontlikhede van 'n menslike lewe vir goed of vir kwaad bereken! Hoe noodsaaklik dus is dit om 'n goeie begin te maak, om vir hom te bid voordat hy daar is en om genade te soek om die bevel te gehoorsaam „Leer de jongen de eerste beginselen naar de eis van zijn weg” (Spr. 22 : 6). Om dit te kan doen, moet u self op die regte weg wees. Die ou gesegde is waar: dat 'n mens nooit te oud is om te leer nie, en ons mag gerus daar by voeg: dat 'n mens nooit te jonk is om te begin nie. Hier volg dan 'n paar wenke en raadgewings:

1. Vereers: Omtrent *Onderskeiding of Opzettendheid*. Ouers sal hulself baie ellende en gebroke rus spaar, as hulle hul kinders van

¹⁾ Die skryfster van hierdie stuk is Mevr. M. Fagg, van Kaapstad, 'n vrou wat as moeder baie ondervind het en wat ook 'n sendelinge in Sjiena gewees het.

die geboorte af maar wil leer om wakker neer te lê en om die onderskeid tussen nag en dag te weet, deur die nag stil en donker te hou.

2. *Reinheid of Kuisheid.* Van hulle vroegste dae af moet aan die kinders die heiligheid van hulle liggame geleer word, en ouers sal goed doen om die liggaam bedek te hou, en die meisies en die jongetjies hulle bad apart te laat neem. Leer die kind om nooit met sy eie liggaam te speel nie, en hier wil ek ouers ook raai om nooit onverskillig die liggaampie in die teenwoordigheid van vriende bloot te maak, wanneer hulle sterk ledemate wys nie. Die skerp kant van gevoelige sedelikheid word op 'n baie vroeë tydperk gelê en gaan nooit heeltemal verlore nie.

3. *Gehoorsaamheid.* Die grootste wet van God is gehoorsaamheid, en die eerste wet vir die kind moet dieselfde wees. Die kind kan geleer word wat hy nie moet aanraak nie, nie deur die verbode artikel weg te neem nie, maar deur 'n blik en „Nee”. By volhardende teenstry sal 'n ligte straf op die hande noodsaaklik wees eer die oorwinning behaal is.

4. *Netheid.* Die kind moet sy eie speelgoed wegsit. Hierop moet die ouer staan. Hoe kom dit dat wanneer kinders van die skool af kom, dat die hoed op een plek gegooi word en die boeksak op 'n ander? Waarom moet die moeder of die kindermeid altyd agter die kind aan loop om reg te sit en skoon te maak? Eenvoudig omdat ons die kind geen netheid geleer het nie. Hierdie leer neem natuurlik tyd, en menige moeder sê: „Ek kan nie al hierdie moeite neem

nie", maar naderhand sal dit baie sugte bespaar; tug beteken hier gemak vir jare. Moeders dink: party kinders is gebore om net te wees, en ander nie, vandaar die onderskeid. Maar ek hou vol: hierdie vername saak kan vroeg ingeplant word.

5. *Bestrawwing*. Ouers beweer dikwels dat hulle hul kinders nie kan bestraf nie tensy dat hulle kwaad voel — maar dit is juis die tyd wat hul nie moet bestraf nie. Dit sou eenvoudig beteken dat hulle aan hul eie gevoel lug gee en al die goeie wat anders kon gestig gewees het, sou verlore wees en net 'n slegte humeur by die kind veroorsaak i. p. v. droefheid oor die verkeerde wat hy gedoen het.

Nou is dit my ondervinding dat, as 'n mens die kind aantoon dat hy God bedroef het, en hom ook vertel hoe die Here in Sy Woord duidelike voorskrifte aan ouers gegee het om die kinders te bestraf — dan sal die bestrawwing 'n goeie uitwerking hê, en die kind se droefheid sal so opreg wees dat hy nie somar maklik dieselfde kwaad weer sal doen nie. Ek het 'n moeder geken wat gewoon was om saam met haar kind te bid, alvorens hom te bestraf. Sy het die gedane sonde of kwaad aan God vertel; dus het sy die erns van die kwaad op die kind se gemoed gedruk wat dan nie lig sou vergeet word nie.

6. *Kristendom*. As dit u begeerte is dat u kind God sal liefhê en volg, dan sal u seker vra: Hoe kan ek my kind tot Kristus lei? Vereers, wanneer u kind, as hy bid, nie aan u knie of op u skoot kniel nie. Laat hom meteens weet dat u in die teenwoordigheid van die

Here Jesus is en dat Hy kinders uitnoui om na Hom toe te kom, en dit is tot Hom, en nie tot u nie, wat die kind spreek. Kort gebede soos: „O Here, skenk my u Heilige Gees om Jesus ontwil” en „Here Jesus, was my in U dierbare bloed en maak my witter as sneeu” is goed.

Leer u kind om ook vir ander te bid en om 'n antwoord te verwag. Partykeer sal die kind om baie eienaardige dinge bid; verhinder dit nie — die Heer verstaan die kinderlike begeertes beter as u.

7. *Bestissing.* Die kind moet vroeg al geleer word om Kristus as sy Saligmaker en Heer te kies. Hoe eenvoudiger die ouer hier te werk gaan hoe beter. Neem b.v. die geval waar sekere kinders hulle moeder gevra het: „Moeder, hoe kan ons geloof en kinders van God wees?”

Die moeder het toe geantwoord: „God nooi julle om Sy eiendom te wees, Kristus nooi julle om te kom, en die Heilige Gees is hier om julle te leer. As julle 'n uitnodiging na 'n verjaarsdagparty ontvang, wat sal julle doen?”

„Ons sal u vra of ons mag gaan.”

„En as ek nou ja sê?”

„Dan sal ons op die uitnodiging antwoord: Ja, dankie, ons kom.”

„Ja, en as julle nie kan gaan nie, sal julle ook skryf en sê dat julle nie kan oorkom nie: dit sou onbeleef wees om nie te antwoord nie. Nou, omdat God hierdie uitnodiging tot julle in Sy Woord geskryf het, daarom moet jul Hom antwoord. Wat gaan jul aan Hom

sê? Onthou, Hy sê: „Gee jou hart aan My, Ek wil daarin kom woon.”

Die kinders antwoord toe: „Ja, so is dit.”

„Nou goed, dan sal ons neerkniel en Hom dit sê.”

Dit doen hulle toe in eenvoudige taal soos hierdie: „Liewe Heer Jesus, ons dank U dat U ons uitnoui om na U toe te kom; ons wil kom en met U saamlewe; kom U tog in ons harte, neem hulle en maak hul rein en heilig. Amen.”

Daarop het die moeder die kinders herinner dat hul van nou af aan die Heer alleen behoer.

Die geloof van klein kindertjies is baie opreg en waar — moenie daarmee speel of spot nie — moenie twyfelinge opwek nie deur te sê: God sal kwaad wees; of: As jy stout is, sal Hy nie hoor nie. Dit is juis dan dat hulle hul Saligmaker die meeste nodig het. Moedig hulle altyd aan om alles aan Jesus te gaan vertel. Leer hulle om daagliks Gods Woord te lees en 'n versie uit hulle hoof te leer.

Kindertjies word dikwels leuenagtig gemaak deurdat diegene wat oor hulle gestel is, aan hulle leuens vertel, b.v. deur te sê: „Kyk, daar is 'n perd,” ens., wanneer daar nie so iets is nie. Die duiwel is 'n leuenaar en die vader van die leuens. O, lei u kindertjies nie in sy strikke nie, maar boesem ten alle tye en teen alle koste die hele waarheid in.

Ten slotte. Klein kindertjies word spoedig afgemat en moeg. Laat hulle pligte dus kort wees, maar kyk dat hulle deeglik gedoen word en dat die een ding klaar is, voordat met 'n

ander begin word. Laat hulle 'n keuse hê, maar laat hulle nie toe om dit te verander nie. Vra hul een keer wat hulle graag sou wil hê, b.v. watter soort kos; gee hul dit en laat nie toe dat hulle verander nie. Hierdie kies word naderhand 'n ernstige saak, maar as die kind geleer word om sy gedagte op te maak en daarby te bly, dan sal die beginsel goedhou, wanneer hulle later die strengere werklikhede van die lewe sal ontmoet.

4. Eenvoudige Wenke aan jong Moeders oor die Opleiding van hulle Kinders, deur „'n Moeder van Tien'”.

In die Dae van die Kindsheid.

„Leer de jongen de eerste beginselen naar de eis van zijn weg; als hij ook oud zal geworden zijn, zal hij daarvan niet afwijken.” So het Salomo gesê, en so sê ons, op die ouderdom van meer as sewentig jaar.

Soos 'n mens 'n plant opgelei het, so sal hy ook groei: en in die mate as 'n kind behoorlik onderwese is, in die mate sal hy aan ons gebede beantwoord en ons arbeid vergoed. As Kristenuers het ons die reg om die nakoming van Gods Woord se beloftes te eis waar dit sê: „Ik zal u tot een God zijn, en uw zaad na u”; en „Het geslacht der rechtvaardigen zal gezegend zijn”. Maar as die beloftes van God vervul sal word, dan moet hulle in die geloof opgeëis en

ontvang word, want hoe baie die beloftes van God ook mag wees, dien hulle almal tot verhoging van God deur ons.

Laat Kristenmoeders gedagtig wees aan die geskiedenis van Eli, wie se seuns „zich vervloekt hebben gemaakt, zo heeft hij hen niet eens zuur aangekeken”. Aan moeders is ’n sware taak opgedra wat egter verreikende gevolge insluit, want op dieselfde wyse as sy die karakter van haar kind vorm, so sal hierdie kind, wanneer hy volwasse is, op dieselfde wyse ’n ander geslag beïnvloed, en so verder tot aan die ewigheid. Sal ons kinders die reg hê om ons te seën vir die ontwikkeling van hul neiginge, of sal hulle lewe om ons sorgeloosheid en swakheid te vervloek?

God staan ons tersy in die oplei van ons kinders, as ons verlangend is dat hulle Hom sal loof en vir ewig sal besit. Sodra u, verwagte moeder, dus weet dat ’n ander lewe u gegee sal word, behoort u te bid dat dié lewe Hom mag toebehoor van sy eerste asemhaling af. Vergeet nie dat u gedagtes en dade indrukke veroorsaak en dié deur alle ewigheid heen invloed op ’n ander siel sal uitoefen nie.

Gee u nie oor aan werkloosheid of lusteloosheid nie; span u kragte in ten behoeve van u kind, en bid vir sy saligheid en dat God dit mag oplei, al is u self maar ’n swak werktuig. Laat ons wees soos Hanna wat kon sê: ek het om hierdie kind gebid.

Skryfster hiervan onthou hoe sy eenkeer bedruk was onder die gevoel van haar verantwoordelikheid by die grootmaak van haar

kinders. Sy het haar eie onvoldoendheid besef en tot die Heer gegaan om haar las op Hom te werp en die vervulling te soek van die belofte: „Indien iemand van u wijsheid ontbreekt, dat hij ze van God begere, die een iegelik mildelik geeft en niet verwijt; en zij zal hem gegeven worden.”

Toe is aan haar hierdie soete belofte gegee: Te dien dage, die Ik maken zal, zullen zij Mij een eigendom zijn.

Sodra die kind gebore is, begin die opleiding. Wees presies en gereeld in alles wat u vir hom doen; voorkom sy behoeftes; laat hom nie oor voedsel huil nie (elke moeder moet op gereelde wyse te werk gaan by die voeding van haar kind); tensy hy pyn het, moet u hom nie onnodig in die arms rondra nie, want dan sal hy onwillig word om in sy bedjie te lê en speel.

As dit slapenstyd is, behoort klein kindertjies wakker neergelê te word, om self aan slaap te raak; en al huil hulle ook, sal hul spoedig uitvind dat dit niks help nie. Hulle behoort nie weer opgeneem te word nie, behalwe in die geval van siekte. Ek ken moeders wat hierdie wenk gevolg het en hulle aande heeltemal vry gehad het van die oomblik af wat die kindjie bed-toe gebring was; terwyl ander weer by hul kind in die kamer moes bly tot hy aan die slaap was en selfs daarna altyd moes luister, en die hele aand die trappe op en af moes loop!

Dit hang dus baie van die eerste weke af of die kind 'n plesier, of wel 'n las vir albei

ouers sal wees. Laat hom ophou met huil. Het u nie ook al kinders gesien wat vir elke bakketel skreeu nie? Leer hom om saggies te huil, en hou hiermee aan totdat hy ouer is: sowel u as almal wat u omring, sal die voordeel hiervan geniet, en soos Mevrou Susannah Wesley sê: „Daardie haatlikste van alle geluide, die geskreeu van kinders, sal nooit in die huis gehoor word nie.”

Maak uself baie vroeg gewoon om sy handjies saam te vou en hoorbaar te bid: „Here Jesus, seën tog my seuntjie, en leer hom om goed te wees.” En, O jong moeder! laat „hom u vroeg met u God sien spreek”, soos Martin Tupper dit uitdruk in sy onvergelyklike „Spreekwoordelike Wysbegeerte”.

Laat my op my eie ondervinding wys. Ek het 'n reël daarvan gemaak om my kinders een vir een in my kamer te neem, en nadat ek seker gemaak het dat hulle gemaklik sit — want hoe kan 'n mens, veral 'n kind, stil sit as hy nie op sy gemak is nie! — het ek gesê: „Ek gaan nou met Jesus praat.” Daar, in die teenwoordigheid van my kind, stort ek dan my siel voor Hom uit.

O, heerlik is die herinneringe aan die voor-skootjies waarmee hulle my oë dikwels graag wou afdroog, — want soms vloei die tranes, as 'n mens ware gemeenskap met God het, — of van die klank van die liewe ou stemmetjies wat gesê het: „Moenie huil nie, moeder!”

Baie keer moes Moeder sê: „Heer, ek is baie swak en onwetend. Ek wil graag my kinders leer om U lief te hê, maar ek weet

nie hoe nie. Leer U my." Of, as ek in hulle teenwoordigheid ongeduldig gewees het, het ek nie gewefel om God in hul teenwoordigheid om vergifnis te smee nie; ook het ek Hom gebid om my in die toekoms geduldiger te laat wees. Elke besonderheidjie het ek voor die Heer gelê; dus het my kinders met baie geheime sorge bekend geraak en het geleer om alles tot God in die gebed te bring. Ek herinner my nog duidelik hoedat een van hulle my eendag aan die klere getrek het en gesê het: „Moeder, kom ons gaan met Jesus praat.”

Lesse in die Geloof.

'n Aangename herinnering is nog vars in my geheue: Kersmis was naby en een van die kinders vra vir haar vader: „Vader, hoe kan ek 'n bietjie geld verdien om Kersmis-presente te koop?” Die antwoord was: „Ek weet nie, kind; maar as Oom geld nodig het, vra hy altyd vir die Heer.” — Die vader het toe sy gang maar gegaan.

Op dieselfde namiddag het hy onverwags 'n tante besoek wat hom by sy vertrek 'n goudstuk, om onder die kinders te verdeel, in die hand stop. Hy was getroffe deur hierdie gebeurtenis. Toe hy tuis kom, vra hy dadelik vir die betreffende kind of sy nog die môre se gesprek omtrent geld onthou. Haar antwoord was bevestigend.

„En het jy die Heer toe om geld gevra?”

„Ja pappie,” was haar antwoord.

„Nou, kyk nou net hoe gou die Heer aan

jou versoek voldoen het. Tant L. het my hierdie geld gegee om onder julle almal te verdeel; jou aandeel bedra soveel."

Daardie aand was daar vreugde in die jong hartjies; en sodra die vader die kamer verlaat het, en by die deur staan en luister het, hoor hy een van hulle sê: „Maar is die Heer nie goed nie om ons so gou-gou te verhoor!" Hulle spring toe almal uit die bed om Hom te dank.

Wat 'n les in bid en geloof was dit vir dié jong kindertjies, 'n les om later op groter skaal in die praktyk gebring te word!

Jare gelede was vriende gewoon om vir ons te sê: „O! julle het nou 'n las op jul hande, maar as hulle ouer word, dan moet die hart die sorg dra." Maar ek dank God dat my kinders opgegroeï het tot 'n onuitspreeklike vreugde en troos, en met die Apostel Johannes kan ek sê: „Ik heb geen meerdere blijdschap dan hierin, dat ik hoor, dat mijn kinderen in de waarheid wandelen."

Die geleentheid tot die Heilige Doop, of opdraging aan God, wanneer gebruik, behoort nie net 'n blote vorm te wees nie, maar 'n tydperk van ware wyding, as die kinders net so tot Kristus gebring word soos die Joodse moeders hulle kindertjies tot Hom gebring het, en Hy gesê het: „Laat de kinderkens tot Mij komen." En net soos koningin Esther gebruik gemaak het van haar nabyheid by die feesmaal van die koning en op sy vraag: „Wat is uw verzoek? het zal u gegeven worden," geantwoord het, so behoort ook die heilige geleentheid om ons om die Tafel des Heren te verenig, die

geskikte tyd te wees om die seën op die huisgesin af te smeek. Bring u kinders by name voor die Heer en bid om die bekering van elkeen van hulle; en laat die geloof vashou aan die belofte: „Al wat gij zult begeren in het gebed, gelovende, zult gij ontvangen.”

Vertroue en Medegevoel.

As u seun toeneem in verstand, behoort u geensins te lag oor, of op watter manier ook die aandag te trek op sy snaakse gesegdes en dade nie, en hulle ook nie aan 'n ander in sy teenwoordigheid oor te vertel nie. Dit kweek hoogmoed en selfbewustheid aan. Ek sou graag die besondere aandag op hierdie punt wil vestig, want ouers is maar al te gewoon om in hierdie opsig 'n misslag te begaan.

Verwaarloos die sorge van die kind nooit, en maak hom ook nie belaglik nie. Dit sou eens en vir altyd 'n end maak aan alle gevoel van vertroue in die vervolg. Daar is min dinge wat mense (en veral kinders) so erg afskrik, as die vrees om uitgelag te word. Laat u kinders alle vryheid gevoel om alles wat hul voor die gees kom, met u te bespreek. Hulle sal tog vir iemand vra, en wie is meer in staat om hulle op 'n verstandige wyse te antwoord as hul moeder? Dit sal die beste veiligheidsmaatreël teen die sonde wees.

Wil u graag dat u kinders u sal liefhê? Wil u in besit wees van die sleutel wat die allerbinneste kamers van hulle harte vir u sal ontsluit? Sorg dan altyd dat u medegevoel

met hulle toon. Wanneer hulle u een of ander nuwe skat kom wys, behoort u dit nooit te minag nie. Sê nooit: „Julle moet my nie lastig val nie,” as hulle met een of ander sware knoop sukkel, of as twee en twee hardnekkig weier om vier te maak op hulle leie. Knope en klein moeilikhede is maar die voorgangers van groter gedagtes en swaarder beproewings wat die ouers later miskien tevergeefs sal probeer deel.

My moeder het gewoonlik gesê: „As u geneë is om boos te wees op kinders omdat hulle nie fluks is om te leer nie, probeer dan maar 'n bietjie om met jou linkerhand te skryf. Kyk hoe lastig is dit! Nou ja, onthou dat vir u kinders feitlik alles links is.”

Moenie oor die denkbeelde van 'n kind lag nie, hoe eienaardig of dwaas hulle ook al mag wees. Laat hulle sien dat u met hul saamvoel in al hulle verwonderinge en planne.

Is daar iemand so wys in sy eie oë, dat hy die tyd toe hy ook 'n kind was, kan vergeet? Die kindertjies word te dikwels uit die baan geskuif. Dit lyk of ons gewoonlik dink dat hulle maar êrens neergesit moet word om hulself so goed hul kan te amuseer. Hoeveel beter is dit vir kinders, as hulle al hul sorge en laste en verleidinge onder die vriendelike oog van 'n sagaardige vader kan bring! Wat 'n beskerming is dit vir hulle om te kan gevoel dat daar altyd 'n gewillige oor is om na hul twyfelinge en droefenisse te luister, en 'n sagte skouer om hul hofies op neer te lê!

Eerbiedig hul regte, en leer broers en susters

om dit ook te doen, sodat hulle sal begryp om nie mekaar se speelgoed te neem nie. Dit is uitmuntend vir hulle sedelike opleiding. Moenie dink dat u ongestraf skerp woorde in hul teenwoordigheid kan gebruik, of onregvaardige dade voor hulle oë kan doen nie. Hulle is die fynste beoordelaars van wat billik en onbillik in die wêreld is. En bo alles, laat hulle weet dat u hul liefhet. „As u my liefhet, sal u dit of dat nie doen nie”, het 'n keerpunt uitgemaak in die lewe van mense wat ek ken.

Sê nooit vir die kind uit korswel dat hy stout is nie. Laat stout *stout* wees, en laat dit saamgaan met 'n ernstige blik en 'n indrukwekkende houding. As 'n seuntjie hom teen 'n stoel stamp, moet u hom dadelik troos; maar moenie sê „stout stoel” of „slaan hom” nie. Sê liewers: „arme stoel”, en nadat u die kind 'n soentjie gegee het, behoort u hom aan te moedig om die stoel ook te soen. 'n Teenoorgestelde handelwyse sal die grond lê vir wraaksug en wraakneem.

Die Grondslag van die godsdienstige Lewe.

Een van die lesse wat moet geleer word, is die van gehoorsaamheid. „Dit sal 'n kind wat leer om gehoorsaam te wees, makliker val om God te dien. Dis die enigste hegte en redelike fondament van 'n godsdienstige lewe.” Dr. Pierson sê in sy *God's Living Oracles* die volgende omtrent die gebod: „Eert uw vader en uw moeder”:

„Daar is 'n tydperk in die menslike lewe,

wanneer die enigste God wat die kind ken, sy vader en moeder is; aangesien die kind die denkbeeld van 'n Godheid nog nie kan begryp nie, staan die ouer tussen die kind en die begrip van God; en as die kind leer om vader en moeder te eer en te gehoorsaam, sal dit later, wanneer die begrip van die Godheid hom in die verstand begin te ontwikkel, vry gemaklik wees om die kinderlike gehoorsaamheid en liefde tot die menslike vader, oor te bring tot die goddelike, van die vader op aarde tot die Vader in die hemel.

Een van die redes van die bestaande gebrek aan vroomheid, in selfs sogenaamde kristelike huisgesinne, is die feit dat ouderlike tug en kinderlike gehoorsaamheid so weinig aangetref word. Kinders ontgroeï nie alleen die ouderlike tug heeltemal nie, maar baie van hulle het dit selfs nooit geken nie en kon dit dus nie ontgroeï nie. Dis 'n allerskandelikste toestand van sake wat aan die wortel van die bloei van die mensdom knaag. As daar geen gehoorsaamheid in die famielie bestaan nie, kan daar ook geen ware gehoorsaamheid in Staat of Kerk wees nie. Wetteloosheid in die hele menslike maatskappy is die natuurlike gevolg van wetteloosheid in die huisgesin."

As u sê: „Moenie dit aanraak nie”, en die kind kyk op na u en raak die voorwerp tog weer aan, dan moet u ernstig kyk en die handjie 'n tik of 'n klap gee, al na die ouderdom van die kind, en sê: „Stout kindjie”. Speel-speel kan u hom gehoorsaamheid leer in die kleinighede van die lewe.

As u die kind na u toe roep, moet u opstaan, wanneer hy kom. As hy gewillig kom, neem hom dan in u arms en gee hom 'n soen as beloning; want dit is beter om deur liefde as deur vrees te regeer, ofskoon die twee verbonde moet word. As dit 'n klein kindjie is wat net begin te leer om te loop en te gehoorsaam, kan u probeer om hom met soete woordjies oor te haal i. p. v. hom te straf, ingeval hy nie wil kom nie. Baie ongelukke sou voorkom word, as die kinders onbepaalde gehoorsaamheid geleer het wanneer hulle gesê was om iets nie aan te raak, of nie dig by die vuur te kom of geen dinge daarin te gooi nie.

Edelmoedigheid behoort vroeg ingeprent te word. Laat die kinders hulle lekkers, sjokola, ens. met mekaar deel. Leer hulle om aan tafel nie dit of dat te vra nie, maar om hul tyd af te wag.

Eerbied vir ouers, en veral vir oumense, behoort van die vroegste kindsheid af ingeprent te word; verder ook beleefdheid teenoor broers, susters en ander, diensbodes inkluis.

Dis sterk af te keur dat die een kind bo die ander sou begunstig of voorgetrokke word. Die kleintjies merk die minste bewys hiervan dadelik op. Enige neiging daartoe wat in die moeder mag bestaan, behoort dadelik uitgeroei te word en nie toegelaat te word om die oorhand te kry nie. Want hoe sy ook al mag probeer om die feit te verberg, as hierdie neiging aanwesig is, sal hy tog op een of ander wyse getoon word. Al is dit niks meer as 'n

blik van groter liefde of 'n stem van meer teerheid, sal die kinders dit spoedig uitvind, en afguns en ander euwels sal die gevolg daarvan wees.

Die Bestuur van die Kinderkamer.

Die kinderkamer behoort een van die prettigste kamers in die huis te wees. Indien moontlik moet hy na die noordekant toe lê, want kinders het, net soos plante, lig en sonskyn nodig. Die kinderkamer is van meer belang as die voorkamer. Nieteenstaande dit geniet die voorkamer tog die voorkeur! Hy behoort so geleë te wees dat die moeder in en uit kan gaan om die oog te hou op die kinders en op die wat daar invloed uitoefen.

Die grootste sorg behoort bestee te word aan die keuse van 'n kindermeid of hulp, want kinders aap gou iets na, en slegte gewoontes wat eenmaal aangeneem is, word nie gou weer vergeet nie.

Die meubels van die kinderkamer behoort van so 'n aard te wees, dat dit nie nodig is nie om gedurig te sé: „Doen dit nie, doen dat nie.” Sulke bestrawwings is lastig vir die gees van die kind en veroorsaak prikkelbaarheid. Nieteenstaande dit moet hy leer om hom behoorlik te gedra, wanneer hy in ander kamers is. Hy moet weet om nie op sofa's, stoele, ens. te spring nie; nie op die mure te skrywe of die plakpapier af te skeur nie. As prentjies aan hom gewys word, dan behoort hy versigtig te wees by die omblaai, sodat niks verkreukel

of geskeur word nie. Inderdaad moet vernielsug van enige aard teengegaan word.

Lag nooit as 'n kind 'n blom uitmekaar pluk nie, maar skud liewers u hoof en sê: „Wat is dit treurig!” Leer hulle liefde vir diere, insekte, ens. Wrede manne is in die begin wrede seuns gewees wat vlieë, wurms, ens. gepynig het.

'n Belangrike les vir kinders is: „'n Les van Stil.” Wat 'n eienaardige benaming! Ja, maar 'n jong vrou wat tot die Kwakersekte behoort het en kinders had, het die gewoonte gehad om nou en dan een van hulle te roep en te sê: „Nou gaan ons 'n les van Stil hou.” Gedurende vyf, tien, of vyftien minute moes die kind dan onbeweeglik in sy stoeltjie sit. U moet met slegs twee of drie minute begin, en die kind 'n beskuitjie of 'n bietjie lekkers as beloning gee, met 'n soentjie of omarming. Ek het kinders geken wat op hierdie manier opgelei was en wat 'n halfuur lank stil kon sit. Wat 'n gemak is dit, as u vriendin miskien vir u kom kuier, of as u u kind saam neem kerk-toe!

Leer hulle om op Sondag saggies te praat: dit vermeerder hulle eerbied vir die dag. Laat die Sondag vrolik en aangenaam wees, en nie 'n dag om oor te mor en om aaklig te vind nie. Vir jong kinders is dit nuttig om besondere speelgoed vir dié dag te hê — poppe, Noachsarke, ens. Ouer kinders kan tekste met gekleurde kryt skrywe, of Bybelse raaisels oplos.

Neem hulle op jong leeftyd na Gods huis en

laat hulle dit as 'n voorreg beskou. Kinders wat die les van Stil geleer het en weet hoe om hul by die huisgodsdienst te gedra, sal gou aan die beperkings van die openbare godsdienst-oefening gewoon raak. Rusteloosheid en slegte maniere, dit sy tuis of in die kerk, moet gestraf word.

Ek beskou die huisgodsdienst as iets van die hoogste belang. Sing 'n gesang wat die kinders en die diensbodes kan verstaan. Laat elkeen sy eie Bybel hê en laat die verse by beurte lees. As die vader nie in die gebed kan voorgaan nie, laat die moeder haar dan geroepe ag om dit te doen. Gevoel sy haar onbekwaam om hardop te bid, dan kan sy gebruik maak van een van die baie boeke wat vir hierdie doel beskikbaar is.

Laat niks die huisgodsdienst verhinder nie. As 'n mens jou op reis begeef, of daar buitengewone drukte in huis is, dan is dit 'n rede te meer waarom die hulp en seën van God behoort afgesmeek te word. Ons hoor partykeer: „Ons het vanmôre nie tyd vir die huisgodsdienst nie.” Vind ons nie die antwoord in Gods Woord nie? „Maar zoekt eerst het koninkrijk Gods en zijn gerechtigheid, en al deze dingen zullen u toegeworpen worden.”

Laat so 'n huisgodsdienst 'n tyd van ware aanbidding wees. Lees nie meer as vyftien of twintig verse nie. Erken die seënige aan die huisgesin; bid vir die wat skool-toe of na hul daaglikse werk gaan, vir die siekes of die wat op reis is, ens. Moenie „die hele wêreld oor” bid nie; bewaar dit vir u binnekamer.

Vakansiedae en lang Aande.

Vakansiedae is dikwels lastige dae vir moeders, want „Satan vind vir leë hande altyd kwaad om te doen”, of soos die spreekwoord dit uitdruk: „Ledigheid is die duiwel se oorkussing.” Maak u planne 'n geruime tyd vooruit klaar; moedig u kinders aan om iets te maak wat aan hulself of aan ander plesier sal gee; iets wat geskik is vir verjaarsdag- of Kersgeskenke. Die jongetjies kan houtsnwywerk en houtsaagwerk doen of woldeurmatte maak; die meisies kan breiwerk, hekel- of borduurwerk verrig, skilder of muurtekste versier. Moedig hul aan deur die benodighede te verskaf, of deur hulle 'n bietjie sakgeld te belowe.

As moeder, het ek die jongetjies betaal vir die skoonmaak van vensters en die poets van stewels en messe, en so meer; enig iets om hulle besig te hou. Ek het die jongetjies geleer om kouse te brei en kruissteke te maak en die meisies het ek betaal vir die omsoom of maak van kussingslope, volgens ouderdom en bekwaamheid; enig iets om 'n bietjie verandering en afwisseling te hê. Miskien kan die een lees terwyl die ander werk, en op dié manier word die verskriklike vakansiedae aangenaam en nuttig deurgebring. Op 'n boereplaas kan wandeling interessant gemaak word deur na wilde blomme, varings, ens. te soek.

Sorg vir 'n paar ou tydskrifte en geïllustreerde nuusblaaie, sodat wanneer u kinders niks te doen het nie, maar rusteloos en prikkelbaar mag wees, u hulle 'n stompepunte

skêr kan gee waarmee hulle prente kan uitknip. As hul moeg is van uitknip, kan hulle die prente kleur of op bruin papier met pap vasplak. Ek weet van 'n moeder wat haar kinders toegelaat het om die prente selfs teen die mure van die kinderkamer te plak.

Gee aan u kleiner meisies patrone, sis en linne, en laat hulle leer om popklere uit te sny en te maak. Met gereedskap en lympot kan die jongetjies kissies, skuitjies, stoele, ens. maak.

Op dié manier maak u hulle gelukkig en leer hul om nuttig te wees. Van nature is kinders vol werkkrag en moet besig gehou word.

Die Opgroei.

As u die babetjie baai, laat een van die kleintjies die handdoek vashou of die kleertjies aangee. Hy of sy sal gelukkig wees om moeder te help en daar belang in stel, en sal die babetjie nog meer lief hê, omdat hy of sy gehelp het met die aanklee.

Namate kinders ouer word, moet die natuurlike ontwikkelinge van die lewe onbevrees aan hul vertel word. Hul behoort te weet wat hulle kan verwag en waarteen hul moet oppas. Wat God vasgestel het, moet rein en reg wees, en kennis sal iemand bewaar vir verkeerde dade; want selfs kinders wat in beskermende huise opgebring word, kan in hul gees vergiftig word, wanneer ons dit die minste verwag.

Terwyl die kinders nog jonk is, kan hul saans om die tafel vergader, alleen met die

moeder. Lees vir hulle 'n paar eenvoudige verse voor en nooi hul uit om aanmerkings te maak, teneinde te sien hoeveel hulle daarvan verstaan. Lê hulle dan uit en laat elke kind hardop bid. Dit sal hulle in later jare van groot nut wees. Moedig hulle aan om enige daad van onvriendelikheid wat hul die dag teen mekaar gepleeg het, voor God te erken. Onthou die verjaarsdae en moedig die kinders aan om dit jeens mekaar te doen.

Toe Susannah Wesley gevra was hoe sy dit reggekry het om so'n groot huisgesin groot te maak en hul almal in die kennis en vermaning van God op te lei, het sy hierdie onvergeetlike antwoord gegee: „Daar is niks geheimsinnigs in diesaak nie. Ek was maar net gewoon om Jackey alleen in my kamer te neem op Maandagaand, Charles op elke Dinsdagaand, Molly elke Woensdag, en so aan, die week deur; niks meer nie.”

Sy het ook gesê dat dit haar gewoonte was dat haar oudste dogter haar jongste kindjie moes neem, die Bybel saam met hom lees en saam met hom bid, voor brekfis. Die tweede oudste het die tweede jongste geneem, ensovoort. Op dié manier het hulle volledig onderwys in die Skrif en in die pligte van die godsdiens gekry. Hulle was geleer om eerbied jeens diensbodes en mindere te betoon en hul broers en suster nie somar John, Charles, Hetty, ens. te noem nie, maar broer John of Charles, suster Hetty, ens.

Het sy haar beloning ontvang? God het aan haar gesê: „Neem hierdie kinders en lei hulle vir My op en Ek sal u beloon.” Sy het haar

deel vervul en God het Syne gedoen. My getuienis is dat terwyl ek nederig getrag het om my plig te doen, God die baie gebede verhoor het. My tien seuns en dogters is almal nog in die lewe en dien die Heer. God het my vergun om te sien dat nie alleen my kinders, maar ook my kleinkinders in Sy vrees wandel. Hom alleen alle eer!

5. Raadgewinge aan Moeders.

1. Laat u kinders nooit ruwe woorde van u lippe hoor nie. Moet 'n kind van sy moeder leer skel, vloek en lieg? Al het u geen ander rede daarvoor nie, pas dan tenminste terwille van u kinders op vir slegte woorde. As u hulle nie tot vloekers en leuenaars wil sien opgroeï nie, dan moet u sorg dra dat u hulle nie leer skel en lieg nie. 'n Seun neem so iets maklik oor, maar 'n mens kan hom dit nie weer so maklik afleer nie.

2. Spreek u kindertjies nooit op 'n bars toon aan nie. Ek weet van moeders wat glad nie liefdeloos jeens hulle kinders gesind is nie, en dit tog doen. Hulle het hul dit eenmaal aangewen. Onthou dat kinders 'n fyn gevoel besit. Dis pynlik vir 'n kind as hy vir die geringste misslag, al is hy ook skuldig, dadelik skimpwoorde of harde verwyte moet hoor.

Dit maak hom minstens solank gevoelig tot sy gevoel verstomp is. Maar let wel, dan is ook die liefde uitgedoof, en u wil tog nie dat u kinders u nie lief sal hê nie! Kinders is teer

plantjies. Ons behoort liefderyk met hul om te gaan en nie asof hulle van hout en steen is nie.

3. Ek hoop niemand verstaan my so asof ek altyd maar vir liefkoos en soen is, want dit is glad nie die geval nie. Miskien sou ek in baie gevalle nog harder handel as u. Wat ek wens is gestrengheid, gepaard aan vriendelikheid. Bestraf u kinders wanneer hulle stout is, maar dan nie in drif nie. Dalk dink hul: „Hoe boos is Moeder vandag tog weer!” Bestraf regvaardig en kalm. God het u die reg om te straf opgelê, dus kan u bestraf. Aan die owerheid het Hy die swaard toevertrou, maar aan u die roede, om dit te gebruik as dienaars van God.

Daarom, sê aan u kind, wanneer hy kwaad gedoen en straf verdien het: „Kind! dit val my moeilik en dit spyt my dat ek jou moet straf, maar God eis dit van my.” Gaan dan maar gerus u gang. Kasty u kind met erns, maar ook met mate. Gebruik nooit sulke dreigemente soos „die bene stukkend te sal slaan” of dergelike nie. Laat so iets nooit gehoor word nie, maar sê aan u kind wat u van plan is om te doen en waarom; en doen dit dan. So 'n kastyding sal meer uitrig as twintig skeldwoorde of slae, al laat hulle ook blou plekke op die rug na. Wat sê ek? Sal hulle meer uitrig? Nee, die laaste werk miskien baie nadelig.

4. Probeer om dit sover te bring dat u kinders u van harte liefhet. Die liefde van 'n kind is tog so'n groot skat. Liefde tot hul moeder het reeds menige jongeling en jong dogter op die gheie pad gehou en het die

middel geword om ook ander van die bese weë af te lei. Al was u menigmaal hard jeens u kinders gewees, tog het hulle u lief. Maar deur u skel en raas het u baie van hierdie gevoel by hulle uitgedoof. Dink nou daarom dat u hulle in die vervolg in liefde gaan bestraf. Dan sal die straf hulle liefde tot u nie verswak nie, maar baie meer versterk.

5. Spreek bo alles woorde tot u kinders, wat hulle na die Here God kan heenwys. Niks kan in hierdie opsig met die woorde van 'n moeder vergelyk word nie, — daar is geen middels wat so geseën werk nie, as die woorde van 'n vroom moeder tot haar kinders. Hoe diep sink hulle in die hart, hoe lank bly hul daarin! Begin vroeg daarmee. Praat oor die sonde, oor die ewigheid, oor God en die Here Jesus. Vertel hulle van die liefde van God in Kristus en probeer om hulle jong harte tot die Heiland te bring.

O! moeders, wanneer u só tot u kinders spreek en daarby bid dat die Heilige Gees u woorde mag seën, dan doen u meer vir hulle as wanneer u die grootste rykdomme van die wêreld agterlaat. Wanneer u reeds lankal in die graf lê, sal die saad wat u in hulle harte gesaai het, miskien eers opkom en honderd-voudige vrugte voortbring.

Wat ons egter nie self besit nie, kan ons ook nie aan 'n ander gee nie. U sal u kinders nooit na die Heiland kan bring, as u Hom nie self ken nie. Daarom bid en vermaan ek u: Soek die Heer Jesus terwille van uself en u kinders! Hy is vir u almal die enigste Heiland;

smeek Hom dat Hy u en hulle Heiland mag word. Bid Hom om Sy Heilige Gees, sodat dié u hart kan inneem, en u 'n nuwe lewe deur die geloof kan begin. Dan sal u dit nooit rustig kan aansien dat u kinders voortlewe sonder om die heil in Kristus te ken nie.

„Waar die hart vol van is, loop die mond van oor.” Wanneer u hart eers vervul sal wees met liefde tot die Heer Jesus, dan sal ook u lippe weet om iets van Hom te vertel, en dit sal vir u dan 'n genot wees om met u kinders oor Jesus en Sy liefde te praat.

6. 'n Boodskap aan Moeders. 1)

Ek is slegs 'n *vader* en daarom praat ek dan ook nie sonder 'n sekere mate van skroom tot u nie, liewe susters wat hierdie woorde sal lees. Maar ek glo tog dat die Heer my iets vir u op die hart gegee het en daarom spreek ek dit uit. Maar ek doen dit met skroom. God het 'n *moeder* met soveel meer liefde begiftig, en liefde is geloof; liefde is wysheid; liefde is mag. Tog kan dit soms gebeur dat die mindere die meerdere dien.

Die eerste wat ek tot 'n moeder sou wil sê is dit: My liewe suster! wat u in u huis en met u kinders *doen*, hang heeltemal af van wat u *is*. My dierbare moeder is op tagtigjarige leeftyd gesterwe. Sy was sewentien jaar oud

1) 'n Toespraak wat Dr. Andrew Murray jare gelede in Holland gehou het.

toe sy getroud is, en my vader wat 'n teer en godvresende man was, het haar self opgevoed.

Daar was toe 'n sendeling se vrou wat dikwels by ons gekom het en gedurig daar op aangedring het dat my moeder 'n s.g. „moedervereniging” moes waarneem. „Kom vertel ons dáár 'n bietjie hoe u u kinders opvoed,” sê sy. In groot eenvoudigheid antwoord my moeder: „Ek doen niks.”

Og, dit lê nie in die vorming van sisteme nie; dis nie deur ons inspanning om ons aan vasgestelde reëls te hou, dat ons die voorspoedigste sal arbei nie. Die dinge groei die beste, wanneer hulle *natuurlik* groei. Saai koolsaad en die kool kom vanself; plant 'n akker en die eikeboom kom vanself. Dis 'n geseënde iets as 'n mens in die kristelike lewe tot die groot rus gekom het wat die gevolg is van die werpe van al ons sorge op die Here God, in die gevoel dat dit in die eerste plaas daar op aankom dat *ons self* in die regte verhouding tot God staan. As die eie hart vol vrede, rus en blydschap is, kom al die orige wel reg.

'n Moeder het my eendag gesê: „O, Mnr. Murray! ek is nog nie eers lank getroud nie, en kyk net na daardie 8 kindertjies! Dis baie moeilik om 'n Kristin te wees en in die blydschap van die Heer te wandel. As ek smôrens wakker word, is die kleintjie daar om versorg te word, en dan kom al die ander. Dan moet die boerdery 'n beurt hê, sodat dit dikwels middag word, voor ek 'n oomblik rus het! Ek verseker u dat 'n mens dan sy senuwees voel!”

Wat ons almal nodig het, is die regte insig

in die rus wat Jesus ons kan gee. Die groot moeilikheid is nie dat ons Jesus nie vertrou of nie tot Hom bid nie — dit doen ons almal; maar een van die lewe se grootste moeilikhede bestaan in die *omstandighede*, in die *daaylikse tobberye*. Ons word prikkelbaar en moedeloos, en dan kom die wolk. Ons voel dit wel: „as my hart maar waarlik met vrede en vreugde in die Heilige Gees vervul was, dan sou my gedrag anders wees.”

Een raadgewing slegs in hierdie moeilike omstandighede. Wanneer so 'n moeilikheid hom voordoen — moontlik wel deur die eggenoot — (ons, mans, het dikwels daaraan skuld) of deur diensbodes of kinders, laat ons dink: „ek moet nie probeer om alles in my omgewing in orde te kry nie, maar ek moet probeer *om self in orde te kom.*”

Enige jare gelede was ek vir twee maande die gas van 'n godvresende predikant. Eendag het sy vrou my hulp ingeroep, want haar man het dinge gedoen wat haar gehinder het. Voor brekfis het hy te perd weggery en het dan nie betyds vir die môregodsdiens oefening terug gekom nie; partykeer het hy tuis gekom as hulle al byna klaar was. Sy het toe gedink: „wat 'n slegte voorbeeld is dit tog vir die seuns!” en het met hom daaroor gepraat. Sy antwoord was maar net: „Dis vir my gesondheid, en jy kan net so goed môrediens hou as ek.”

Hy was 'n liefhebbende eggenoot, maar ons, ongelukkige eggenote, is dikwels nie so vriendelik en oplettend as ons behoort te wees nie. *Hy*

het gemeen dat hy volkome reg had, en *sy* weer het vererg gevoel. Toe sê sy aan my: „Ek bid daaglik dat die Heer hom tot insig van sy verkeerdheid wil bring. Wat sal ek tog doen? Sal u 'n bietjie met hom praat?”

My antwoord was: „Nee, seker nie; ek dink dat u dit die meeste nodig het om tot insig te kom.”

„Ek tot insig kom? Is dit dan nie nodig dat hy by die huislike godsdiensoefening teenwoordig is nie? Is dit dan nie 'n plig van die liefde om met hom daarvoor te praat en God daar om te bid nie?”

„Ja seker.”

„Waarom moet ek dan bid om tot insig te kom?”

Toe vra ek: „Voel u nie dikwels geërg nie?”

„Ja, maar ek het ook wel rede daartoe.”

„Nou, dit is juis die verkeerde ding. God wil dat u heel vriendelik en geduldig teenoor u eggenoot sal wees, selfs wanneer hy verkeerd doen. Nie met 'n martelaarsgesig, asof u heelwat te dra het nie, maar heel eenvoudig moet u dit aanneem as die wil van God. Solank u dit nie doen nie, moet *u eers* tereg gebring word, en *slegs daarná* sal die Heer u man moontlik tot insig bring.”

Dit is juis een van die geheime van die kristelike lewe.... 'n Onwillige diensbode, 'n ondeunde kind, 'n lastige eggenoot — hierdie dinge is die wil van God teenoor u. Dis natuurlik nie Sy wil dat hulle verkeerd sal doen nie, maar dis wêl Sy wil dat u die beproewing sal hê, en nou kom dit daar op

aan om dit só aan te neem dat Sy wil die uwe word en dat niks u van Hom skei nie. Daarom het ek slegs tot u te sê wat ek aan die vrou van daardie predikant gesê het: „God wil u tereg bring. Laat ons daarom nie vir u man bid nie.”

Sy was eers nie eens met my nie, maar op die end was ook sy oortuig. Drie weke later het sy my gesê: „Ek kan u nie genoeg dank vir wat u my omtrent die wil van God gesê het nie, want God was al die tyd besig gewees om my 'n les te leer, 'n les van volmaakte liefde. Toe het alles reggekóm: hy het sy môerit vanself opgegee.”

Alle sorge en moeilikhede kan seëninge word, omdat hulle boodskappe van ons Vader is. Mans en vrouens, wie u ook is, weet dit dat die klein dingetjies van die daaglikse lewe u grootste versoekings is. Laat hulle u nie ontstem nie, want dan kom daar duisternis oor u. Leer om by *alle* dinge te sê: „God stuur my dit of dat; laat ek probeer om Hom te verheerlik soos een wat deur Sy hand gelei word.”

7. Die Voorbidding van die Moeder.

'n Predikant wat op reis was het 'n tydjie gelede oor 'n moeder hoor praat wat haar kinders reeds in hulle jong jare tot die kennis van die waarheid gebring het, sodat hulle almal tot ware sierade van die gemeente geword het. Die mense het hierdie vrou so geprys dat die predikant besluit het om kennis met haar te maak. In die loop van hulle gesprek het sy

toe aan hom vertel wat ons nou meedeel, in die hoop dat dit deur baie moeders gelees en ter harte geneem sal word, ook deur sulke moeders van wie ons moet sê: „Hoe is dit moontlik dat die sorg van kinders met onsterflike siele aan sulke mense oorgelaat kan word?”

Hierdie vrou sê: „Toe my kinders nog klein en hulpeloos op my skoot gelê het, het ek, wanneer ek hulle moes was, aan God gevra om hulle siele te was in die bloed van Jesus, wat van alle sonde reinig. Smôrens, as ek hulle aantrek, het ek my hemelse Vader gesmeek om hul siele te beklee met die wit klere van Jesus se geregtigheid. As ek hulle moes kos voorsit, was my gebed tot Hom dat Hy hul siele met die hemelse brood moes voed en hul die water des lewens te drinke gee. Wanneer ek hul saamgeneem het kerk-toe, het ek die Heer gesmeek om elkeen van hulle tot 'n tempel en woning van Sy Heilige Gees te maak. En as ek hulle saans bed-toe laat gaan het, was die stille sug van my hart dat die hemelse Vader my dierbare kinders in Sy beskerming moes neem en in die arms van Sy liefde doen inslaap.”

Hierdie moeder het dus geweet wat dit was om baie vroegtydig vir haar kinders te bid, en wel in volkome vertroue op die seën van God. Sy het erken dat sy haar kinders van God ontvang het en aan Hom sou moet rekenskap gee van die wyse waarop sy hulle opgevoed het. Sy het geweet dat al haar moeite niks sou baat, as God haar nie die bystand van Sy Heilige Gees wou skenk nie. Driemaal gelukkig

is die moeder wat haar pligte só vervul in die vrees van die Heer en met die oog op die ewigheid. Die gedagte: „Wat sal dit my kind baat, as ek die hele wêreld vir hom gewin, en hy aan sy siel skade ly”, wat so weinig by die vader opkom, terwyl hy vir sy brood moet werk, is dikwels in die hart van die moeder wat haar kinders die hele dag deur voor haar sien. Gelukkig is die moeder wat baie hieraan dink!

Daarom, o moeder! wat die siel van u kinders liefhet, laat die voorbeeld van hierdie voortreflike moeder vir u nie verlore gaan nie. Sodra die teer gemoed van u kinders uitwendige dinge begin te verstaan, en al wat hulle sien opgemerk word, hang daar ook oneindig baie, ja alles, van af wat die eerste indrukke is wat u aan hul gemoed gee. Op daardie leeftyd besit u 'n onberekenbare invloed op die hart van u kind, 'n invloed wat hoe langer hoe minder sal word en wat u in u later leeftyd waarskynlik heeltemaal sal verloor.

Namate die verstand van 'n kind ontwikkel, is dit die moeder wat haar kind wat altyd iets wil hoor vertel, moet verhaal van die kind Jesus wat in die krip gelê het, en hoe die liewe Saligmaker ook vir hom aan die kruis moes sterf. Die laaste van die daaglikse sorge van elke moeder is om haar kind voor sy bed te laat neerkniel en hom in kinderlike woorde sy hemelse Vader te leer dank vir al die seëninge wat hy geniet het en te bid dat hy soet en gerus mag slaap.

Ek weet dat meer as een moeder wat dit

lees, sal sê: „Ja, maar ek is nie bekwaam om dit te doen nie; ek weet nie hoe om daarmee te begin nie.” — Dink u dan dat so 'n verskoning u in die oordeelsdag sal vrypleit?

As u kind na u toe kom en u vra om iets te vertel — dan kan u spoedig iets vind om te verhaal — meestal leuenagtige, dwase stories. Waarom nie liefers van Hom vertel nie wat die kindertjies liefhet en gesê het: „Laat de kinderen tot Mij komen en verhindert ze niet”? Is dit dan vir u moeilik om van Daniël in die leeu kuil te vertel? Of van Josef wat deur sy broers verkoop is? As hulle die sterre sien, kan u hulle dan nie vertel dat daar Een daarbo in die hemel lewe wat die kinders salig wil maak nie?

Kyk, Jesus wil die saad van genade in u kind se hart saai, maar die persoon wat Hy daartoe gebruik, is die moeder. Dis die moeder wat die lieflike en teer hartjie eers na Jesus kan lei om daar te sien wat Hy vir kinders gedoen het. En dis seker dat, as u geen godsvrug in die hart van u kind saai wat vir die hemel vrugte dra nie, die duiwel dan kom en onkruid in daardie eienste hart saai wat in die hel eers reg ryp vrugte kan dra. U kind besit 'n siel, en dié het in die oog van God oneindig meer waarde as die skatte van die wêreld. Van die kosbare siel sal u in die oordeelsdag rekenskap moet gee. God sal u eenmaal afvra: „Wat het u met daardie siel gedoen? Het u waarlik probeer om hom na die hemel toe te lei, of het u hom deur u versuim en onverskilligheid van My af weggelei?”

O moeder! as u op daardie vraag dan geen antwoord kan gee nie, sal dit nie verskriklik wees nie? Miskien dink u dat dit nie veel daar op aan kom hoe u met u kinders omgaan nie en dat niemand u sien nie, maar, o! God sien u. Hy hoor hoe u aan u kind miskien 'n leuen vertel om hom stil te maak. Hy sien hoe veel of hoe weinig u trag om u kind met Jesus bekend te maak. God sien hoe u lewe sonder om te dink dat u kind aan u 'n voorbeeld neem, 'n voorbeeld wat voer — waarheen?

Al wat u aan u kinders doen, dra vrugte wanneer u reeds in die koue graf lê. Die saligheid of rampsaligheid van 'n kind het dikwels afgehang van 'n enkele woord. En as dit dan so is, hoe behoort u nie vir u kind te lewe nie? Die moeder van Samuel was 'n *biddende* moeder, so ook die moeder van Timotheüs. Het u kind ook 'n *biddende* moeder?

Maar u wat hierdie stuk lees, ken u wel die weg tot die genadetroon? Bid u ooit? Buig u ooit u knieë in die teenwoordigheid van u kinders om die genade van God oor hulle en oor u af te smEEK? Kan u dit waarlik oor u hart kry om u kinders te sien inslaap, sonder dat u vantevore met en vir hulle gebid het? Hoe menige moeder sien haar kinders in die wêreld opgroei en lewe sonder God of ware godsdiens. Sou sy miskien niks het om haarself oor te verwyd nie?

O, as dit gelees mog word deur 'n moeder wat nie bid nie — wat nie vir haar kinders bid nie — mag sy dan tog vir 'n oomblik stilstaan en bedink wat sy doen. Moeder! gedenk

dat u kind 'n onsterflike siel het en vra wat u vir sy saligheid doen. Is daar so min moederliefde in u hart dat die vrees: „My kind kan moontlik verlore gaan”, u nie eers met angs vervul nie? U bekommer u baie oor u kind se liggaam, oor sy lot in die wêreld; waarom dan nie oor sy siel en sy lot in die ewigheid nie? Hoe liefderyk sorg u vir die liggaam! Aan niemand wil u 'n kind afstaan nie, kos en klere wil u self besorg. Maar die kostelike siel, as daarvoor gesorg moet word na jare van verwaarlosing, dan stuur u hom na die kerkmeester om hom vir die aanneming voor te berei.

Moeder! gaan dit met u so? Sit u stil, as u 'n giftige slang na u huis sien aanseil? En is die sonde wat die ewige dood meebring, nie 'n baie erger vergif vir die siel van u kind nie? O, ontferm u dan oor die siele van u kinders! Ontferm u oor u eie siel! U het baie vergewing nodig, ook vir die versuim van u pligte. Waarom bid u dan nie vir u en u kinders nie? O, rus tog nie, voordat u en u kinders by Jesus is nie. Wat sou dit vir u wees om te sterf en u kinders onbekeerd agter te laat? Soek dan 'n skuilplek by Jesus wat u sowel as u kinders liefhet.

8. Die Smart van 'n Moeder.

Eendag sit 'n paar dames in 'n gesellige woonvertrek bymekaar. Vir tydkorting het hulle vertroulike gesprekke gevoer en mekaar iets meegedeel uit die ervarings van hulle eie

lewe. Elkeen het op haar beurt die een of ander te vertel gehad, en veral, waar dit droewige feite betref het, was daar nie een wat agtergebly het nie. Slegs een van hul, wie se bleek gelaat en ingesakte oë verraai het dat ook sy van die aarde se leed kon saampraat, het tot nou toe die stilswye bewaar; maar nadat sy alles aangehoor het, het dit gelyk of sy 'n oorwinning oor haarself behaal het, en toe sê sy met 'n weemoedige stem die volgende: „Vriendinne! julle almal weet eintlik nog nie wat diepe smart is nie.”

„Wil u dan,” kom die sagte stem van een van hulle wat haar verlede geken het, „aan hierdie dames vertel wat u vir die grootste smart hou?”

„Ek sal, as julle dit verlang, want inderdaad, ek het die beker van beproewing tot die bodem toe moet ledig,” was die antwoord.

„My ouers was goeie burgers, en my jeug het vrolik verby gegaan onder die genot van al wat 'n kind kan verlang. Selfs my geringste wense is vervul geword, en ek was opgeruim en gelukkig. Op 19-jarige leeftyd is ek getroud met 'n man wat ek bo alles liefgehad het. Ons het op 'n afgeleë plaas gewoon, maar nooit het die son 'n liefliker plek of 'n gelukkiger gesin beskyn nie!

Die jare het vir ons vreedsaam verby gegaan. Vyf lieve kinders het ons huislike dis gesier, en 'n blonde krulkoppe het hom op my skoot genestel. Een aand het daar by sonsondergang plotseling 'n sware storm opgesteek — een van die alles vernielende storms waarvoor ons streek bekend is. Vir ure het die reën neergestort,

en toe die môre daag, het die elemente maar bly voortwoed. Die hele landstreek was al oorstrom. Die riviértjie wat by ons huis verby geloop het, het in 'n skuimende vloed verander. Eer ons dit wis, was ons woning deur die water omring. Na heelwat moeite het ek met my suigling nog 'n hoogte bereik waar die swaar loof van 'n paar bome 'n skuilplek gebied het, terwyl my man met die seuns alles in die werk stel om ons huisraad en besittinkies te red. Eindelik sleep 'n vreeslike windvlaag my man saam na die diepte, en hy het nie weer bo gekom nie!

Vriendinne! nooit het 'n vrou haar man inniger liefgehad nie, as ek myne. Dog dit was nie my grootste smart nie. Toe word my seuns gewaar in watter gevaarlike toestand hulle hul bevind; hul span toe hul uiterste kragte in om hulle lewens te red. Hulle was dapper seuns, soos 'n moeder graag wens dat haar seuns moet wees.

Met 'n angs in die hart, soos 'n moeder alleen kan voel, sien ek uit my skuilplek hoe hulle worstel om die gevaar te ontkom. Hulle was te ver af, sodat ek nie na hul kon roep nie; maar ek sien toe dat hulle al digter na mekaar toe kom. Hulle plekkie grond word al kleiner, terwyl die rivier tussen die bome deur woed. Takke, koffers, wrakke van huise, verdrinkte vee, allerhande huisraad, alles dryf by ons verby en word voortgesleur met die woedende golwe. My seuns wuif my toe met die hand en wys na bo. Ek begryp dis hulle afskeidsgroet!

Julle wat moeder is, verstaan my wanhoop, . . . ek het almal sien vergaan . . . , maar dit was nie my grootste smart nie. Ek druk my suigling digter aan die hart, en toe die water tot aan my voete styg, klim ek in 'n boom. Daar het ek beveilig gebly totdat God die waters gebied het: „Tot hiertoe en nie verder nie.”

Ek was gered! Al wat ek besit het, is weggeveeg! My toekoms vernietig! Maar dit was nie my ergste smart *nie*.

My suigling was al wat vir my op die wêreld nog oorgebly het. Nag en dag het ek gewerk om in ons twee se onderhoud te voorsien. Ek het probeer om hom 'n goeie opvoeding te gee en het my bes gedoen om hom aan my te bind; maar toe hy groot word, het dit allengs moeiliker geword. Slegte maters het my plek by hom ingeneem. Hy het moeder se lesse in die wind geslaan; hy het met haar vriendelike vermanings en hartroerende gebede begin spot. . . . hy het neiging tot drink gekry.

Om vryer te kan wees en sy luste te kan botvier het hy selfs ons nederige huis verlaat. En op 'n sekere nag — vreeslike nag! — kry hy, terwyl hy in 'n beskonke toestand was, met 'n kameraad twis en in sy dolle drif begaan hy 'n moord!! Hy het voor die gereg gekom en sy straf ondergaan!

God had die beker my reeds vol aan die lippe gesit. Nou was hy tot oorlopend toe voll! Dit, dit was my bitterste smart — so een wat aan die moederhart bly knaag totdat dit ophou met klop! Mog die almagtige God julle vir daardie vlymende smart bewaar!”

Sy swyg 'n rukkie, terwyl haar trane vloei en almal wat haar omring, deur hierdie mededeling verpletter, ook die stilsweye bewaar.

Toe verhef die beklaenswaardige moeder haar stem nog 'n keer. „Ag!” roep sy uit: „As ek die gevaar maar beter geken het en my kind op jeugdiger leeftyd vir die eerste stap beveilig het, dan het hierdie vreeslike onheil miskien nie plaasgevind nie!

Moeders wat my hoor, doen julle voordeel by die opvoeding van jul kinders, met my bitter ervaring. Waarsku julle kinders, deur woord en voorbeeld, van die allereerste begin af — die skynbaar onbeduidende, onskuldige begin, — vir die eerste stap op hierdie verderflike weg. Die eerste stap beslis dikwels hulle hele toekomstige geluk.”

9. 'n Woord aan Weduwees.

Is u waarlik alleen gelate, omdat hy wat die lig van u oë was, uit u gesig verdwyn het, en u onbeskryflik eensaam is? Geliefde siel, moenie na die graf kyk waar die stof rus nie, maar sien omhoog in die aangesig van God.

„Hy tog het u geliefde aan u geleen.” Van die dag af toe u siel aan syne vir die eerste maal verbonde is, was hy u vir 'n bepaalde tyd geleen; en was dit nie vir u beter nie dat u hom, al was dit dan maar vir 'n tydjie, as u eie gehad het, as dat u hom glad nooit geken het nie? Indien God u gevra het, sou u nie geantwoord het nie: „Ja, Here, ek

wil sy liefde, al was dit dan maar vir 'n maand of 'n jaar, besit het dan glad nie?" — Wees dan nie ontevrede met God nie, omdat Hy gedoen het soos Hy Hom steeds voorgeneem het.

„Verder, die dierbare is nog uwe." U liefde is so in sy hart deurgedring, dat die eeue dit nie daaruit kan verdring nie. Moenie dink dat die dood so magtig is nie, dat hy die natuur van diegene wat deur hom deurgaen, so kan verander dat hulle hul geliefdes nie meer kan bemin nie.

„En God sal vir u sorg." Vertrou Hom om u tot geselskap in die eensaamheid te wees; om u van die nodige te voorsien; om u steeds die beskermende liefde te skenk waarna u hart smag. U Skepper is u man.

En wil u waarlik vertroos word, „bly dan in smeking en gebede vir ander, dag en nag." Sluit u nie langer met u droefheid op nie, maar gaan uit om diegene wat sonder hoop treur, met u vertroostinge te ondersteun. Dit word vertel van 'n Indiese moeder wat haar dierbare verloor het, dat sy die raad ontvang het om 'n handvol koring uit 'n huis te haal waar die mense geen beproewing ken nie. En sy was so besig gehou met die vertroos van die baie mense wat in droefheid gesit het in die wonings waar sy aangeklop het, dat sy haar eie leed vergeet het.

HOOFSTUK IV.

DIE KINDERS.

I. U Suigling.

U pasgebore suigling is 'n skat deur God aan u gegee, en wat u seker innig liefhet. Geen woorde kan die vreugde beskryf waarmee u sy geboorte begroet het nie en daaglik neem u liefde tot hom toe. Daar is geen opoffering te groot wat u nie aan hom wil toewy nie, ja u sou selfs u lewe vir hom wil prysgee.

Nou, dit is so seker en waar dat u u verwonder om iemand dit te hoor sê of te sien skrywe. Nogtans geskied dit nie sonder rede nie. Ek het van u suigling gepraat as 'n skat en seën, maar wat is u gevoelens omtrent u liefling as 'n onsterflike wese? Het u hieroor al nagedink?

Sy liggaam, dit weet u, sal sterf, maar sy siel sal ewig lewe òf as 'n verlore in die hemel, òf, o vreeslike teenstelling, as 'n verlore in die hel. Soos 'n kind nou is, word hy aan u toevertrou, en u moet hom vir die ewigheid vorm; 'n gewigtige en ernstige roeping inderdaad. U moet trag om die verkeerde in hom te onderdruk en hom vir die hemel op te lei.

U vra: Wat sal ons hom leer en aan hom doen? Ek sal u vraag met 'n wedervraag beantwoord. Glo u met u hele hart in die Heer Jesus Kristus? U kan die saligheid van u kind nie in waarheid en in opregtheid soek nie, tensy dat u self vir die ewigheid gered is.

Die eerste geboorte in 'n huisgesin, aan skrywer hiervan bekend, was die van 'n tweeling. Toe hierdie groot nuus aan die huisvader bekend gemaak is, het die gedagte met oorstelpende krag in sy siel opgerys: „Hier is twee kosbare siele aan my sorg toevertrou, en ek moet hulle saligheid soek; maar ek is daartoe heeltemal onbekwaam, want ek het self die Heer nog nie gesoek nie.” Hierdie oordenking het hom na Kristus toe gelei, en nou probeer hy om sy kinders vir die hemel op te voed.

Dus as u nog nie behoue is nie, soek dan eers u eie saligheid, voordat u probeer om die van u kinders te verkry.

Bid vir u kind, dat sy gemoed vir die waarheid geopen mag word en sy hart in ewigheid God mag dien. En bid vir uself dat u die nodige wysheid en geduld vir hierdie gewigtige werk mag ontvang. U sal gewis in die opvoeding van u kind faal, as u dit versuim.

Daarby moet u die huislike godsdiens daaglik betrag. Neem met Philip Henry die goeie besluit: „Net waar ek 'n huis het, sal ook 'n altaar van God wees.” Maak Josua se keuse die uwe: „Aangaande mij en mijn huis, wij zullen de Here dienen” (Joz. 24 : 15).

Leer u kind. Spreek tot hom van Jesus,

Sy lewe, Sy liefde tot kinders, Sy kruis, Sy saligheid, Sy hemel. U onderwys sal spoediger deur hom begryp word dan u dink, en wees verseker dat dit nooit heeltemal vergeet sal word nie. „Voedt uw kinderen op in de lering en vermaning des Heren” (Efeze 6 : 4).

Maak u kind gewoon aan gehoorsaamheid. Laat hom van sy eerste lewensjare af gevoel dat u wil wet moet wees. As u hom eenkeer toelaat om u gebod te oortree, dan sal die gevolge welig onherstelbaar en verwoestend wees. Wanneer die Skrif in Efeze 6 : 1 sê: „Kinderen, zijt uw ouders gehoorzaam”, dan word daarmee ook bedoel dat dit die ouers se plig is om daardie gehoorsaamheid te eis.

Bestraf u kind as dit nodig is. Wees nie hardvogtig en ru nie, maar laat u kind sien dat u hom liefhet, en dat u hom bestraf, omdat u hom bemin en sy geluk en heil seek. „Die zijn roede inhoudt, haat zijn zoon; maar die hem liefheeft, zoekt hem vroeg met tuchtiging” (Spreekw. 13 : 24).

.....Gee u kind 'n goeie voorbeeld. Deur u kind 'n slegte voorbeeld te gee, sal u al u lering tot spot en skande maak; terwyl u albei van onskatbare waarde kan laat wees, deur u voorskrifte met 'n heilige voorbeeld te beseël. Sê soos Dawid: „Ik zal in het midden mijns huizes wandelen, in oprechtheid van mijn hart” (Ps. 101 : 2).

Doen dit alles in hoopvolle verwagting. Om u te bemoedig het God Self gesê: „Leer de jongen de eerste beginselen naar de eis van zijn weg; als hij ook oud zal geworden zijn, zal hij daarvan

niet afwijken" (Spreuken 22:6). Ook terwyl u kinders nog op aarde is, sal u die vreugde kan geniet van hulle bekering en hul opregte kristelike gesindheid te sien; maar hoe onuitspreeklik groter sal die blydskap wees om hulle eenmaal in die hemel weer te vind!

2. By die Doop van 'n Kindjie.

Van harte geluk, geliefde ouers, met u kindjie! Mog God gee dat hy 'n goue skakel mag wees om u nader tot mekaar en nader tot die hemel te trek. U harte is seker met 'n diepe gevoel van dankbaarheid vervul, dat God u gelukkig gelei het deur die bange uur van die kindjie se geboorte. Saam is u vir u kindjie gespaar. U mag nou saam lief en leed met dié kindjie dra, saam vir en met hom kruisdra.

Wanneer u op die wiegie staan, en peinsend oor die toekoms van u kindjie nadink, dan tref dit u hoe wonderlik die Heer se weë is. Dan tref dit u veral hoe wonderlik die weg van God is juis by voorkeur in die klein dingetjies; hoe datgene waaraan die wêreld sy aandag nouliks wy, nie gering is in die Heer se oog nie!

Leer die ondervinding ons dan nie dat die wêreld rondom ons weinig ag slaan op ons kindertjies nie? Ons kindjie mag ons oogappel wees; die wêreld trek sy skouers op oor ons verkleefdheid aan ons kindjie: „Dis kinderagtig; daardie kind is nie die enigste in die wêreld nie!”

Dit gaan ons ter harte, nie waar nie, geliefde ouers? as ander nie veel belang in ons kindjie

stel nie. En tog kan ons dit nie billikerwyse van hulle verwag nie. Hulle, met hul eie sorge en moeikhede, met die daaglikse drukke besighede van die lewe, dat hulle nie veel aandag aan ons kindjie kan wy nie. Daarby kom nog dat dit jare sal neem eer dat ons kindjie van enige betekenis in die maatskappy sal wees. Daartoe moet nog eers baie aan die kindjie gedoen word. Hy moet behoorlik opgevoed, onderwys en ge oefen word. Eers dan wanneer hy op sy eie bene kan staan in die wêreld, sal hy die aandag van ander trek.

Ja, die wêreld sien nie veel in ons kindjie nie. Ingeval dit die Heer behaag om hom vroeg weg te neem, mag 'n paar van ons vriende die lykie miskien grafwaarts vergesel. Hulle doen dit om ons! 'n Traan van simpatie mag hul oog ontglip, — daardie traan is vir ons, nie soseer vir die kindjie nie.

Dog waar die wêreld hom nie veel oor ons kindjie bekommer nie, daar is die bande wat ons hart aan die ou kleintjie bind, des te teerder. En tereg, want God druk Sy seël daarop, mits dit by ons maar nie tot kindervergoding oorgaan nie, wat niks anders is as afgodery nie. Tereg, sê ons, want daardie kindjie is ons vlees en bloed. Tereg, sê ons nogmaals, want daardie kindjie is na die beeld van God geskape, hy is Gods geslag! Tereg, want hy het 'n onsterflike siel. As die wêreld met sy drukte verby sal gegaan het, sal daardie kindjie nog bestaan — die ewigheid lê daar voor hom.

Tereg, geliefde ouers, is die wieg vir u 'n gewyde plek, want God het dit gewy tot die

woning van Kristus in Sy menswording. Terwyl die groot wêreld gewoel het, keisers en konings geregeer en bevele gegee het, het daar in die klein Bethlehem 'n vader en 'n moeder in 'n stal by 'n krip gesit. 'n Kindjie in 'n krip, omdat die ouers te arm is om 'n ander herberg te verskaf, is vir die oog niks buitengewoons nie! Tog lê in daardie krip die Saligheid van die wêreld! Tereg, nogmaals, geliefde ouers! maak u baie van u kindjie, want Jesus maak baie van kinders. Van Sy lippe het daardie dierbare woord gekom: „Laat de kinderkens tot Mij komen en verhindert hen niet, want derzulken is het koninkrijk der hemelen.”

Daar mag menige kinderliewende vriend wees wat ook sal sê: „Laat daardie kindjie na my toe kom,” maar om wat met hom te maak?.... vir 'n oomblik met hom te speel — dis al. Verder moet u tog maar self vir u kind sorg. Met Jesus is dit heeltemal anders — Hy roep ons kleintjies om hulle Sy eiendom te maak. Ja, Hy wil hulle erfgename van Sy koninkryk maak, want Hy sê uitdruklik: „derzulken is het koninkrijk der hemelen”.

Wanneer u dan u kindjie bring om gedoop te word, geliefde ouers, dink aan hierdie woord van die Heer! Laat al u kinders, groot en klein, altyd tot die Here kom, en onthou veral die vermaning, by die belofte gevoeg, — want alleen op daardie voorwaarde rus die belofte — *verhinder hul nie*; verhinder u kindjie nooit om tot Jesus te gaan nie; verhinder hom nie deur 'n verkeerde voorbeeld nie; verhinder hom nie deur verkeerde woorde nie; verhinder hom

nie deur nalatigheid in sy opvoeding nie; verhinder hom nie deur 'n slegte humeur nie; verhinder hom nie deur verkeerde liefde nie; verhinder hom nie deur opstand en morrende ongehoorsaamheid teen die Here nie, as dit Hom sou behaag om daardie kindjie van u weg te neem.

Ten slotte, geliefde ouers, bid, bid sonder ophou vir u kindjie, want ook hy is in sonde en ongeregtigheid ontvang en gebore, en as hy nie vir die hemel opgevoed word nie, dan groei hy vir die hel op. Mog die Here u genade gee om voort te gaan op die smal weg en u kindjie genade om op die smal weg te volg.

3. Betekenis van die Doop.

baie ouers verkeer heeltemal onder 'n verkeerde indruk omtrent die betekenis van die doop van hulle kindertjies.

1. Die doop is nie die wedergeboorte nie. 'n Kindjie wat ongedoop sterf, sal nie, eenvoudig omdat hy ongedoop is, verlore gaan nie.

2. Die doop besit geen geheimsinnige towerkrag om 'n kind op die een of ander manier „goed te doen nie”.

3. Sonder die geloof van die ouers beteken die doop van 'n kind niks. Hulle geloof is nodig om die doop vir hul kind van krag te maak, en hul geloof moet die kind „heilig” (1 Kor. 7:14).

4. Onbekeerde en ongelowige ouers het geen reg om hulle kind vir die doop aan te bied en die plegtige doopsbeloftes op hul te neem nie,